

Skriflesing: 1 Kor 3:9b-23

Tema: Ek is 'n tempel van God

Skriflesing: 1 Kor 3:9b-23

Paulus skryf aan die gemeente van Korinte. Hy het die gemeente gestig en vir 18 maande daar gewerk.

Korinte was 'n groot handels- en wêreldstad. Soos die geval met die meeste hawestede, was dit 'n stad van skrilte kontraste. In die stad was 'n mengelmoes van belangrike mense en veragtes, geleerdes en ongeletterdes, die rykstes en brandarm slawe. Die stad was bekend vir sy sedeloosheid. Daar is baie godsdienste in die stad beoefen. Die gemeente was in die ideale situasie om van Jesus Christus te getuig. Tog lyk dit asof daar nie veel aangaan in die gemeente nie.

Paulus verwag van die gemeente om volwasse Christene te wees, Geesbeheerste mense wat God se wil uitleef. In plaas daarvan vind hy 'n gemeente wat onvolwasse is. Hulle is nie bekommerd oor wat God wil hê nie. Hulle dink net aan hulself en hulle eie behoeftes.

Daar is partyskappe, jaloesie en onderlinge twis in die gemeente. Die gemeente word bedreig deur skeuring as gevolg van skinderpraatjies en partyskappe.

Hulle wat vir die Here moet werk, stry oor wie nou eintlik die beste dominee is: is dit Paulus of Apollos? Hulle sit op die pawiljoen en praat oor die gemeente. Hulle kritiseer die kerk asof hulle nie deel is daarvan nie. Hulle is geestelik lou. Gerieflikheidshalwe vergeet hulle dat Jesus Christus hulle vrygemaak het om aan God alleen diensbaar te wees. Hulle vergeet dat hulle verlos is om Hom te dien en vir Hom te bou. Dit alles bewys dat die gemeente geestelik onvolwasse is.

Nou kom Paulus en beveel hulle om hulle gestry en baklei te staak. Staak die gepraat en skinder oor en rondom die kerk, asof die kerk iets daar ver en buite hulle is. En hy herriner ons dat ons elkeen die tempel van God is.

1. Ons is 'n gebou van God, gebou op die fondament Jesus Christus.

In 1 Korintiërs 3 vers 11 lees ons: "Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus."

Die fondament is die begin van die hele gebou. Dit gee die gebou stewigheid. Gebou op die fondament Jesus Christus is hoe ons stewig staan. Die fondament bepaal ook grense vir enige bouwerk vorentoe. Gebou op Christus is al hoe hoe ons reg sal bou.

Ek en jy is tempel van God. Ons is in geloof gebou op die fondament Jesus Christus. Om te bou op Jesus as fondament beteken dat ons Hom as ons persoonlike Verlosser ken en toegewy aan Hom leef.

2. Gebou op Jesus Christus, is ons 'n woonplek van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is in ons.

Ons lees in 1 Kor 6:19-20:

¹⁹"Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: ²⁰julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik."

God bly nie meer in 'n klip- of steengebou nie. Hy bly in ons deur Sy Heilige Gees. Ons is die gebou of tempel waarin Hy leef. As Sy tempel is ons heilig. Dit beteken ons leef anders as hulle wat nie vir God ken en dien nie.

Ons leef soos Hy aan ons belowe in Eseg 36:26-27:

²⁶Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. ²⁷Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.

3. As tempel van die Here moet ons, nee, kán ons nie anders as om mekaar te bou nie.

Mense bou met verskillende soorte boumateriaal. Party se bouwerk is beter as dié van ander. Daar word gebou met goud, silwer, edelstene, hout, gras of strooi.

Ons mag nie met swak boumateriaal, soos byvoorbeeld met 'n traak-my-nie-agtige houding, afskeep-bouwerk in mekaar se lewens doen nie. As ons aan mekaar as gebou van God en op Christus as fondament bou, is net die die beste goed genoeg. Dan gebruik ons al die vermoëns, talente en krag wat God ons gee.

Ons lees in 1 Kor 12: "Aan elkeen het die Here bepaalde gawes gegee en elkeen moet hierdie talente gebruik in diens van en tot eer van God"

En ons streef daarna om met die beste materiaal te bou. Ons bou met die suiwer evangelie. Ons bouwerk begin deur die verkondiging van Jesus Christus as Verlosser. Hoor mooi: die verkondiging van die evangelie is nie net vir enkeles, terwyl ander kan sit en net ontvang nie. Die Koninkryk van God is nie 'n koninkryk van ontvangers nie, maar van bouers. Lidmaatskap, veral belydende lidmaatskap, is nie 'n eindpunt nie, maar 'n beginpunt vir diens.

Ons mag nie die Here se tempel, medegelowiges en die gemeente met verdeeldheid, twis en kliëks breek nie. Ons mag ook nie met niks-doen afbreek nie. Ons moet bou. Ons moet getuig oor Jesus Christus en mekaar help om te leef tot Sy eer.

By die wederkoms weet ons dat elkeen se werk getoets sal word. God sal hulle wat met ywer, pligsgetrou en na die beste van hul vermoë gebou het, beloon.

Die mense wat met 'n halwe hart en met 'n traak-my-nie-agtige-houding meer gebreek as gebou het, sal op die dag wanneer die Here weer kom om hulle werk te inspekteer, baie skaam wees. Hulle sal nie weggejaag word nie, maar hulle minderwaardige werk sal verbrand. God is so ernstig oor hierdie bouwerk, want ons almal, bouers en almal waaraan gebou word, behoort aan Hom.

4. Ons behoort aan die Here.

Ons mag nie afskeep-bouwerk aan mekaar as tempels van die Here doen nie.

In die gemeente en in ons lewens kan geen mens hoof wees nie. Hier is net een hoof en dit is Jesus Christus. Ons behoort aan Christus en Christus behoort aan God.

Afsluiting

Ek sluit af deur julle te herriner aan die storie van die drie varkies. Die eerste 2 varkies se huisies het nie gehou nie, want hulle het met strooi en hout gebou. Die derde varkie se huisie was wolfbestand, want hy het met stene en sement op 'n stewige fondament gebou.

Kom ons elkeen gaan bou op Jesus as fondament met die suiwer evangelie en met passie aan mekaar as Heilige Gees-gevulde tempels van God.

Amen

Voorstel vir skakel in kuberamma

Preke

Ons mag nie met swak boumateriaal, soos byvoorbeeld met 'n traak-my-nie-agtige houding, afskeep-bouwerk in mekaar se lewens doen nie. As ons aan mekaar as gebou van God en op Christus as fondament bou, is net die die beste goed genoeg. Dan gebruik ons al die vermoëns, talente en krag wat God ons gee. Wanneer die Here weer kom, sal minderwaardige bouwerk verbrand word. God is so ernstig oor hierdie bouwerk, want ons almal, bouers en almal waaraan gebou word, behoort aan Hom. [Ek is 'n tempel van God.](#)